

Versoening tussen moraliteit en mag weens stelsel onmoontlik

PROF. S. J. TERRE-BLANCHE, Rowanstraat 8, Stellenbosch, skryf:

Die bewering van prof. J. J. Degenaar (Die Burger, 25 November) dat ek vir 'n vlakverskuiwing in die polemiek verantwoordelik is, is nie korrek nie. Die toon van die polemiek is van meet af bepaal deur sy deursigtige politieke betrokkenheid.

'n Mens wat steeds onder die vlag van politieke neutraliteit probeer vaar, terwyl die lading van sy skip bestaan uit venynige politieke kritiek en eensydige moralisme, pleit vergeefs vir 'n rustige deurvaart, want 'n laaste instansie is daar nie tussen die vorm en die inhoud van só 'n skip te onderskei nie. Aangesien prof. Degenaar vir 'n rasionele benadering pleit, behoort hy nie te kla as die inhoud van sy vrag — ook dié in die onderste ruim — aan 'n saaklike verbetering onderwerp word nie.

OU STRYDPUNT

1. Prof. Degenaar volhard in sy „polarisasie-denke”, waarvolgens hy mag en moraliteit as simplistiese en statiese uiterstes teenoor mekaar stel. In 'n poging om sy harde aanklag van „magsbehoud ten koste van moraliteit” te regverdig, opper hy die ou strydpunt omtrent Kleurlingverteenwoordiging in die Parlement.

Natuurlik is ek soos baie ander ook moreel ongelukkig gestem oor die beëindiging van die Kleurlingverteenwoordiging in die Parlement. Maar ek moraliseer nie eensydig en in simplistiese uiterstes daarvoor nie. My ongelukkige stemming daarvoor word getemper deur my oortuiging dat 'n Westminster-gefundeerde regeringstelsel (wat

berus op een mens, een stem vir een parlement) nie aangepas is by die eiesoortige vereistes wat Suid-Afrika se plurale bevolkingstruktuur en dualistiese ekonomiese struktuur stel nie.

GEEN VERSOENING

Wanneer 'n sodanige politieke stelsel in sodanige sosiaal-ekonomiese omstandighede bestaan, kan daar klaarblyklik geen bevredigende versoening tussen mag en

moraliteit vir elk van die plurale bevolkingsgroepe bewerkstellig word nie.

As prof. Degenaar sy morele kritiek gekwalifiseer het en dit beperk het tot die onbevredigende vordering wat sedert 1956 gemaak is om deur middel van 'n alternatiewe konstitusionele bestel bevredigende bedingingsvermoë vir die Kleurlinge in te ruim, kon ons saamgepraat het. Dit was immers ook die standpunt van die Theronkommissie.

Ek gee prof. Degenaar graag die versekering dat, as dit ná 'n billike tyd blyk dat die Kleurlinge ingevolge die voorgestelde konstitusionele bedeling onvoldoende politieke en ekonomiese bedingingsmag (o.m. ter wille van 'n veel beter staatsfinansiële bedeling) gaan verkry, ek nie sou huiwer om protes aan te teken nie.

—2. Naas die dank wat prof. Degenaar het vir dié klem wat ek op die sosiaal-ekonomiese dimensie van burgerskap plaas, beweer hy dat ek verwarring skep, deurdat ek die politieke dimensie tussen hakies plaas ten gunste van die sosiaal-ekonomiese, en dat ek die politieke dimensie wil uitstel.

Waar kom hy daaraan? Dit is nie waar nie. Nóg in my onlangse publikasies nóg in my briewe bestaan grond vir so 'n stelling.

omdat burgerskap nie in hierdie omvattende sin van die woord verwesenlik word nie.

ONGEOORLOOF

Die kernpunt van my kritiek teen prof. Degenaar was juis dat hy hom in sy eerste twee briewe eensydig met die politieke dimensie van volwaardige burgerskap besig gehou het en dat sy ongekwalifiseerde morele kritiek, soos dit op hierdie eensydige benadering gegrond is, ongemotiveerd en daarom ongeoorloof is.

Ek het dit nie teen morele kritiek nie. Intendeel, die morele aspek van 'n samelevingsordering is vir my baie belangrik, soos ek telkemale in die verlede laat blyk het. 'n Man wat sy hand aan morele kritiek waag, moet eers bewys lewer dat hy ál die parameters van 'n samelevingsordering in verrekening gebring het en hul operasionele samehang begryp voordat hy sy morele oordeel vel. Prof. Degenaar het by implikasie erken dat hy nie aan hierdie voorwaarde voldoen het nie.

TEENPRODUKTIEF

Suid-Afrika is daagliks die skyf van hooghartige politieke moralisasie uit die buiteland wat meestal op onkunde en 'n negatiewe vooringenoemdheid berus en daarom weerstand en vyandskap wek. Teen hierdie agtergrond is sowel die eensydigheid as die verheve toon van prof. Degenaar se onbewese en ongekwalifiseerde politieke moralisme 'n irriterende ervaring en daarom noodwendig ook teenproduktief. Ek vertrou dat hy nie weer sy pen in hierdie troebel ink sal doop nie.

20/11/77
MENINGS
VAN ONS
LESERS



Ek verwys prof. Degenaar graag na paragraaf 22.63 van die Theron-verslag. Daár word dit in onomwonde taal gestel dat die sosiaal-ekonomiese en ander probleme rondom die Kleurlinggemeenskap onopgelos sou bly en selfs kumulatief voortgeplant sou word — ondanks sosiaal-ekonomiese hulp — as daar nie institusionele veranderinge gemaak word waardeur voldoende politieke en ekonomiese bedingingsmag vir die Kleurlinge ingeruim en die Suid-Afrikaanse stelsel weer responsief ten opsigte van die Kleurlinge se behoeftes en knelpunte gemaak word nie. Prof. Degenaar weet wie hoofstuk 22 vir die voorlegging aan die kommissie voorberei het.

NIE VERGEEFS

Wie skep verwarring? Ek, wat vir 'n ewewigtige perspektief en 'n proses van veelvuldige institusionele hervorminge pleit, of hy, wat sonder om te toon dat hy begrip het vir wat die proses van verandering alles behels, met 'n dialektiese sprong tussen statiese uiterstes probeer beweeg en steeds in gebreke bly om 'n inhoudelike bepaling te gee aan maniere waarop pluralisme as politieke stelsel in die praktyk gaan werk?

3. Dit is verblydend dat prof. Degenaar in sy nuutste brief (D.B. 25 deser) erken dat volwaardige burgerskap nie net 'n politieke nie, maar ook 'n sosiale en ekonomiese aangeleentheid is. Die polemiek was dus nie vergeefs nie.

Sy verskoning dat die polemiek tot en met sy tweede brief hoofsaaklik oor die politieke aspek van burgerskap gegaan het, hou nie steek nie, want dit het hom nie daarvan weerhou om die omvattende begrip van volwaardige burgerskap te gebruik en om verwyte te slinger

Versoening tussen moraliteit en mag weens stelsel onmoontlik

PROF. S. J. TERRE-BLANCHE, Rowanstraat 8, Stellenbosch, skryf:

Die bewering van prof. J. J. Degenaar (Die Burger, 25 November) dat ek vir 'n vlakverskuiwing in die polemiek verantwoordelik is, is nie korrek nie. Die toon van die polemiek is van meet af bepaal deur sy deursigtige politieke betrokkenheid.

'n Mens wat steeds onder die vlag van politieke neutraliteit probeer vaar, terwyl die lading van sy skip bestaan uit venynige politieke kritiek en eensydige moralisme, pleit vergeefs vir 'n rustige deurvaart, want 'n laaste instansie is daar nie tussen die vorm en die inhoud van só 'n skip te onderskei nie. Aangesien prof. Degenaar vir 'n rasionele benadering pleit, behoort hy nie te kla as die inhoud van sy vrag — ook dié in die onderste ruim — aan 'n saaklike verbetering onderwerp word nie.

OU STRYDPUNT

1. Prof. Degenaar volhard in sy „polarisasie-denke”, waarvolgens hy mag en moraliteit as simplistiese en statiese uiterstes teenoor mekaar stel. In 'n poging om sy harde aanklag van „magsbehoud ten koste van moraliteit” te regverdig, opper hy die ou strydpunt omtrent Kleurlingverteengewording in die Parlement.

Natuurlik is ek soos baie ander ook moreel ongelukkig gestem oor die beëindiging van die Kleurlingverteengewording in die Parlement. Maar ek moraliseer nie eensydig en in simplistiese uiterstes daarvoor nie. My ongelukkige stemming daarvoor word getemper deur my oortuiging dat 'n Westminster-gefundeerde regeringstelsel (wat

berus op een mens, een stem vir een parlement) nie aangepas is by die eiensortige vereistes wat Suid-Afrika se plurale bevolkingstruktuur en dualistiese ekonomiese struktuur stel nie.

GEEN VERSOENING

Wanneer 'n sodanige politieke stelsel in sodanige sosiaal-ekonomiese omstandighede bestaan, kan daar klaarblyklik geen bevredigende versoening tussen mag en

moraliteit vir elk van die plurale bevolkingsgroepe bewerkstellig word nie.

As prof. Degenaar sy morele kritiek gekwalifiseer het en dit beperk het tot die onbevredigende vordering wat sedert 1956 gemaak is om deur middel van 'n alternatiewe konstitusionele bestel bevredigende bedingingsvermoë vir die Kleurlinge in te ruim, kon ons saamgepraat het. Dit was immers ook die standpunt van die Theron-kommissie.

Ek gee prof. Degenaar graag die versekering dat, as dit ná 'n billike tyd blyk dat die Kleurlinge ingevolge die voorgestelde konstitusionele bedeling onvoldoende politieke en ekonomiese bedingingsmag (o.m. ter wille van 'n veel beter staatsfinansiële bedeling) gaan verkry, ek nie sou huiwer om protes aan te teken nie.

2. Naas die dank wat prof. Degenaar het vir dié klem wat ek op die sosiaal-ekonomiese dimensie van burgerskap plaas, beweer hy dat ek verwarring skep deurdat ek die politieke dimensie tussen hakies plaas ten gunste van die sosiaal-ekonomiese, en dat ek die politieke dimensie wil uitstel.

Waar kom hy daaraan? Dit is nie waar nie. Nóg in my onlangse publikasies nóg in my briewe bestaan grond vir so 'n stelling.

omdat burgerskap nie in hierdie omvattende sin van die woord verweselik word nie.

ONGEORLOOF

Die kernpunt van my kritiek teen prof. Degenaar was juis dat hy hom in sy eerste twee briewe eensydig met die politieke dimensie van volwaardige burgerskap besig gehou het en dat sy ongekwalifiseerde morele kritiek, soos dit op hierdie eensydige benadering gegrond is, ongemotiveerd en daarom ongeoorloof is.

Ek het dit nie teen morele kritiek nie. Intendeel, die morele aspek van 'n samelevingsordering is vir my baie belangrik, soos ek teikemale in die verlede laat blyk het. 'n Man wat sy hand aan morele kritiek waag, moet eers bewys lewer dat hy ál die parameters van 'n samelevingsordering in verrekening gebring het en hul operasionele samehang begryp voordat hy sy morele oordeel vel. Prof. Degenaar het by implikasie erken dat hy nie aan hierdie voorwaarde voldoen het nie.

TEENPRODUKTIEF

Suid-Afrika is daagliks die skyf van hooghartige politieke moralisasie uit die buiteland wat meestal op onkunde en 'n negatiewe vooringenomendheid berus en daarom weerstand en vyandskap wek. Teen hierdie agtergrond is sowel die eensydigheid as die verhewe toon van prof. Degenaar se onbewese en ongekwalifiseerde politieke moralisme 'n irriterende ervaring en daarom noodwendig ook teenproduktief. Ek vertrou dat hy nie weer sy pen in hierdie troebel ink sal doop nie.

20/11/77
MENINGS
VAN ONS
LESERS



Ek verwys prof. Degenaar graag na paragraaf 22.63 van die Theron-verslag. Dáár word dit in onomwonde taal gestel dat die sosiaal-ekonomiese en ander probleme rondom die Kleurlinggemeenskap onopgelos sou bly; en selfs kumulatief voortgeplant sou word — ondanks sosiaal-ekonomiese hulp — as daar nie institusionele veranderinge gemaak word waardeur voldoende politieke en ekonomiese bedingingsmag vir die Kleurlinge ingeruim én die Suid-Afrikaanse stelsel weer responsief ten opsigte van die Kleurlinge se behoeftes en knelpunte gemaak word nie. Prof. Degenaar weet wie hoofstuk 22 vir die voorlegging aan die kommissie voorberei het.

NIE VERGEEFS

Wie skep verwarring? Ek, wat vir 'n ewewigtige perspektief en 'n proses van veelvuldige institusionele hervorminge pleit, of hy, wat sonder om te toon dat hy begrip het vir wat die proses van verandering alles behels, met 'n dialektiese sprong tussen statiese uiterstes probeer beweeg en steeds in gebreke bly om 'n inhoudelike bepaling te gee aan maniere waarop pluralisme as politieke stelsel in die praktyk gaan werk?

3. Dit is verblydend dat prof. Degenaar in sy nuutste brief (D.B. 25 deser) erken dat volwaardige burgerskap nie net 'n politieke nie maar ook 'n sosiale en ekonomiese aangeleentheid is. Die polemiek was dus nie vergeefs nie.

Sy verskoning dat die polemiek tot en met sy tweede brief hoofsaaklik oor die politieke aspek van burgerskap gegaan het, hou nie steek nie, want dit het hom nie daarvan weerhou om die omvattende begrip van volwaardige burgerskap te gebruik en om verwyte te slinger.

Versoening tussen moraliteit en mag weens stelsel onmoontlik

PROF. S. J. TERRE-BLANCHE, Rowanstraat 8, Stellenbosch, skryf:

Die bewering van prof. J. J. Degenaar (Die Burger, 25 November) dat ek vir 'n vlak-verskuiwing in die polemieks verantwoordelik is, is nie korrek nie. Die toon van die polemieks is van meet af bepaal deur sy deursigtige politieke betrokkenheid.

'n Mens wat steeds onder die vlag van politieke neutraliteit probeer vaar, terwyl die lading van sy skip bestaan uit venynige politieke kritiek en eensydige moralisme, pleit vergeefs vir 'n rustige deurvaart, want 'n laaste instansie is daar nie tussen die vorm en die inhoud van só 'n skip te onderskei nie. Aangesien prof. Degenaar vir 'n rasionele benadering pleit, behoort hy nie te klaas die inhoud van sy vraag — ook dié in die onderste ruim — aan 'n saaklike verbetering onderwerp word nie.

OU STRYDPUNT

1. Prof. Degenaar volhard in sy „polarisasie-denke”, waarvolgens hy mag en moraliteit as simplistiese en statiese uiterstes teenoor mekaar stel. In 'n poging om sy harde aanklag van „magsbehoud ten koste van moraliteit” te regverdig, opper hy die ou strydpunt omtrent Kleurlingverteenvoordinging in die Parlement.

Natuurlik is ek soos baie ander ook moreel ongelukkig gestem oor die beëindiging van die Kleurlingverteenvoordinging in die Parlement. Maar ek moraliseer nie eensydig en in simplistiese uiterstes daaroor nie. My ongelukkige stemming daaroor word getemper deur my oortuiging dat 'n Westminster-gefundeerde regeringstelsel (wat

berus op een mens, een stem vir een parlement) nie aangepas is by die eiesoortige vereistes wat Suid-Afrika se plurale bevolkingstruktuur en dualistiese ekonomiese struktuur stel nie.

GEEN VERSOENING

Wanneer 'n sodanige politieke stelsel in sodanige sosiaal-ekonomiese omstandighede bestaan, kan daar klaarblyklik geen bevredigende versoening tussen mag en



moraliteit vir elk van die plurale bevolkingsgroepe bewerkstellig word nie.

As prof. Degenaar sy morele kritiek gekwalifiseer het en dit beperk het tot die onbevredigende vordering wat sedert 1956 gemaak is om deur middel van 'n alternatiewe konstitusionele bestel bevredigende bedingingsvermoë vir die Kleurlinge in te ruim, kon ons saamgepraat het. Dit was immers ook die standpunt van die Theronkommissie.

Ek gee prof. Degenaar graag die versekering dat, as dit ná 'n billike tyd blyk dat die Kleurlinge ingevolge die voorgestelde konstitusionele bedeling onvoldoende politieke en ekonomiese bedingingsmag (o.m. ter wille van 'n veel beter staatsfinansiële bedeling) gaan verkry, ek nie sou huiwer om protes aan te teken nie.

—2. Naas die dank wat prof. Degenaar het vir dié klem wat ek op die sosiaal-ekonomiese dimensie van burgerskap plaas, beweer hy dat ek verwarring skep deurdat ek die politieke dimensie tussen hakies plaas ten gunste van die sosiaal-ekonomiese, en dat ek die politieke dimensie wil uitstel.

Waar kom hy daaraan? Dit is nie waar nie. Nóg in my onlangse publikasies nóg in my briewe bestaan grond vir so 'n stelling.

omdat burgerskap nie in hierdie omvattende sin van die woord verwezenlik word nie.

ONGEORLOOF

Die kernpunt van my kritiek teen prof. Degenaar was juis dat hy hom in sy eerste twee briewe eensydig met die politieke dimensie van volwaardige burgerskap besig gehou het en dat sy ongekwalifiseerde morele kritiek, soos dit op hierdie eensydige benadering gegrond is, ongemotiveerd en daarom ongeoorloof is.

Ek het dit nie teen morele kritiek nie. Intendeel, die morele aspek van 'n samelevingsordering is vir my baie belangrik, soos ek telkemale in die verlede laat blyk het. 'n Man wat sy hand aan morele kritiek waag, moet eers bewys lewer dat hy ál die parameters van 'n samelevingsordering in verrekking gebring het en hul operasionele samehang begryp voordat hy sy morele oordele vel. Prof. Degenaar het by implikasie erken dat hy nie aan hierdie voorwaarde voldoen het nie.

TEENPRODUKTIEF

Suid-Afrika is daagliks die skyf van hooghartige politieke moralisasie uit die buiteland wat meestal op onkunde en 'n negatiewe vooringenomenheid berus en daarom weerstand en vyandskap wek. Teen hierdie agtergrond is sowel die eensydigheid as die verhewe toon van prof. Degenaar se onbewese en ongekwalifiseerde politieke moralisme 'n irriterende ervaring en daarom noodwendig ook teenproduktief. Ek vertrou dat hy nie weer sy pen in hierdie troebel ink sal doop nie.

NIE VERGEEFS

Wie skep verwarring? Ek, wat vir 'n ewewigtige perspektief en 'n proses van veelvuldige institusionele hervorminge pleit, of hy, wat sonder om te toon dat hy begrip het vir wat die proses van verandering alles behels, met 'n dialektiese sprong tussen statiese uiterstes probeer beweeg en steeds in gebreke bly om 'n inhoudelike bepaling te gee aan maniere waarop pluralisme as politieke stelsel in die praktyk gaan werk?

3. Dit is verblydend dat prof. Degenaar in sy nuutste brief (D.B., 25 deser) erken dat volwaardige burgerskap nie net 'n politieke nie, maar ook 'n sosiale en ekonomiese aangeleentheid is. Die polemieks was dus nie vergeefs nie.

Sy verskoning dat die polemieks tot en met sy tweede brief hoofsaaklik oor die politieke aspek van burgerskap gegaan het, hou nie steek nie, want dit het hom nie daarvan weerhou om die omvattende begrip van volwaardige burgerskap te gebruik en om verwyte te slinger